

Aktiwiteite van Die Afrikaanse Klub van Nieu-Seeland voortaan tot die uitgee van Brokkies beperk

Tydens die onlangse Algemene Jaarvergadering van Die Afrikaanse Klub van Nieu-Seeland op 11 April 2012 — 'n tweede vergadering moes belê word omdat daar tydens die eerste een nie 'n kworum teenwoordig was nie — was die aanwesige ingeskrewe en stemgeregtigde lede van die Klub eenparig van mening dat ondersteuning van die meerderheid van Klub-aktiwiteite (danse en konserte) sodanig afgeneem het, dat die voortsetting daarvan, weens 'n gebrek aan ekonomiese lewensvatbaarheid, nie meer regverdigbaar òf bekostigbaar is nie. Subsidering van finansieel selfstandige-danse en -konserte knou reeds geruime tyd afnemende Klubfondse. Daarnaas bring die kwynende beskikbaarheid van vrywilligers om projekte te loods, mee dat insette hoofsaaklik deur bestuurslede (ook vrywilligers wat eie tyd en hulpbronne vir die Klub-saak opoffer) gelewer word. Die feit dat geen nominasies vir nuwe bestuurslede vir die nuwe Klub-jaar ontvang is nie, is verder tekenend van die afname in vrywilligers om Klub-aksies op die tradisionele wyse te dryf.

Die 2012 Algemene Jaarvergadering het gevolglik besluit om bogemoemde Klub-aktiwiteite op te skort en nie weer 'n formele bestuurstruktuur daar te stel nie — 'n oordeel wat nie ligtelik gevel is nie.

Die Klub se weeklikse e-tydskrif, BROKKIES, geniet steeds ondersteuning, derhalwe is besluit om met die uitgee daarvan, binne 'n model van finansiële selfstandigheid, voort te gaan. Die voortgesette publikasie van BROKKIES is eweneens geprivatiseer en die huidige redakteur, Thys Oosthuizen, sal dit voortaan finansiël onafhanklik namens die Klub uitgee. As deel van die behartiging van BROKKIES, sal die redakteur ook voortgaan om korrespondensie wat aan die Klub se adres gerig word, te hanteer.

Die Klub se webblad sal voortgaan om uitgawes van BROKKIES te dra asook 'n beknopte weergawe van die Klub se geskiedenis soos in die Jaarverslae van die oud-voorsitters uiteengesit is. Die "Geelbladsye" (lys van besighede in Nieu-Seeland wat deur Suid-Afrikaners bedryf word), asook argieffotos van Klub-aktiwiteite sal, tot verdere kennisgewing, aktiewe webblad-skakels bly. Die Klub se grondwet sal steeds op die webblad beskikbaar wees, indien 'n behoefte sou ontstaan om aktiwiteite in die toekoms binne dié bestaande raamwerk uit te brei. Alle ander data op die huidige webblad sal op kompakte skywe bewaar word.

DIE AFRIKAANSE KLUB VAN NIEU-SEELAND het sedert stigting in 1999 'n belangrike rol gespeel om nuwe immigrante in Afrikaans deel van ons nuutaangenome-land te laat voel. Onder andere is brûe met plaaslike rolspelers en ander immigrantegemeenskappe gebou. Verder is menig maatskaplike en emosionele kruk oor die jare aan nuwe Suider-Afrikaanse aankomelinge gebied — uitreiking wat die aanpassingsproses van vele gesinne en individue vergemaklik het. Die Klub was voortdurend 'n waardige ambassadeur vir die Afrikaans-sprekende in Nieu-Seeland. Die sukses van sy bestaan is juis daarin geleë dat dit wat in die verlede gebied is nie meer nodig is nie. Informele netwerke en vriendskappe wat deur die Klub gefasiliteer is, staan nou strek genoeg om nuwe Afrikaanse-Kiwis tuis te maak. Die voortbestaan van 'n formele klub-struktuur, ter voortsetting van hierdie rol, blyk nou oorbodig te wees.

Daar word vertrou dat die Klub se goeie werk steeds 'n geruime tyd, binne die nuwe bedeling, deur BROKKIES uitgedra sal word. Privaat- en onafhanklikgeorganiseerde-inisiatiewe, wat aktiwiteite met 'n Afrikaanse kultuurinslag aanbied, sal steeds soos voorheen deur BROKKIES bemark word.

Voornemende organiseerders van konserte deur Suid-Afrikaanse kunstenaars word derhalwe genooi om BROKKIES as 'n promosievoertuig te oorweeg.

Ten slotte word hulde aan alle voormalige vrywilligers, -medewerkers, -ondersteuners, -lede en -bestuurslede van DIE AFRIKAANSE KLUB VAN NIEU-SEELAND gebring vir die onbaatsugtige wyse waarop hulle gewerk het vir die voortlewing van Afrikaans in Nieu-Seeland. Om binne hierdie uitgelese groep te kon werk, was 'n buitengewone eer en voorreg. In besonder word groot waardering uitgespreek teenoor die twee voormalige voorsitters, Francois Schoeman en Philip Langenhoven, vir die uitnemende wyse waarop hulle die Klub gelei het. Dank word ook aan die voormalige en huidige BROKKIES-redakteurs, Arina Grobler, Philip Langenhoven en Thys Oosthuizen betuig vir die vestiging en uitbreiding van ons eie Afrikaanse-Kiwi e-publikasie.

Lank leef Afrikaans in die Land van die Lang Wit Wolk!

Met dank en goeie wense vir oulaas

MARTIN HEFER

Junie 2012

[Uttredende voorsitter, namens die laaste dienende bestuurskomitee van DIE AFRIKAANSE KLUB VAN NIEU-SEELAND]